# Gesels saam

## GRAAD 7-10

## WELKOM

Lees Johannes 18:1-11 saam.

Laat die jongmense die verhaal op verskillende maniere opvoer. Daar kan ook verskillende groepe wees wat dit in die volgende style opvoer:

- Misdaadtoneel in 'n film
- Realiteitsdrama
- TikTok-styl
- Bybelse getrouheid / klassieke toneelstuk

## WONDER

Gesels saam:

- Wat beteken Jesus se woorde "Ek Is Hy" (v 6)?
- Hoekom het dit die soldate en die wagte so ontstel?
- Hoe is Jesus gehoorsaam aan God, selfs al was Hy waarskynlik baie bang?
- Hoekom is dit belangrik dat Jesus sy lewe vrywillig aflê?

## WEES

Jesus was gehoorsaam aan God en het die pad van sy roeping gestap, al was dit moeilik en al het dit na die kruis gelei. Nie al die keuses wat ons as gelowiges (kinders van God) moet maak, is maklik nie. Soms kom ons ook in situasies waar ons moeilike keuses moet maak. Om Jesus te volg beteken dat ons met die waardes moet optree waarmee Jesus geleef het. Hierdie waardes bepaal ons keuses.

Verdeel die jongmense in twee groepe. Laat die een groep aan die een kant van die lokaal staan en die ander groep aan die ander kant. Die een groep simboliseer hoe 'n gelowige behoort op te tree (goeie keuses); die ander groep simboliseer maklike en verkeerde keuses.

Skets 'n paar situasies vir die jongmense. (Gebruik gerus die hulpmiddel "Voorbeelde van moeilike situasies".) Die een groep moet dan verduidelik watter goeie keuses hulle in daardie verband sou maak, terwyl die ander groep moet verduidelik watter slegte keuses hulle sou kon maak. Laat die groepe beurte maak om die goeie keuses en slegte keuses te verduidelik.

## WEGSTUUR

Trek 'n kruisie op elkeen se hand met 'n bietjie olyfolie. Die olyfolie herinner ons aan die tuin van Getsemane, en die kruisie laat ons aan Jesus se kruisiging dink.